



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY  
jou kennisvennoot • your knowledge partner

## **REGLEMENT INSAKE BUITENGEWONE AANSTELLINGS/ AANSTELLING VAN EREPROFESSORE EN AANSTELLING VAN NAVORSINGSGENOTE**

### **1. DIE AANSTELLING VAN BUITENGEWONE PROFESSORE/ MEDEPROFESSORE/SENIOR LEKTORE/LEKTORE**

#### **DOEL**

Die Universiteit kan persone met bewese gespesialiseerde kundigheid of met 'n hoë professionele en vakkundige status wat op 'n deurlopende basis of tydens voorafooreengekome periodes diens aan die Universiteit lewer, en wat nie op die diensvoorwaardes en betaalstaat van die Universiteit, of formeel as gesamentlike personeel op die diensstaat van 'n vennootwerkgewer aangestel is nie, in hulle persoonlike hoedanigheid as buitengewone professore, buitengewone medeprofessore, buitengewone senior lektore of buitengewone lektore aanstel om aan hulle erkenning te verleen en hulle by die akademiese programme van die departemente/fakulteite te betrek. Afgetrede personeel van die US word normaalweg nie na aftrede in buitengewone hoedanigheid aangestel nie.

#### **AANSTELLINGSTERMYN**

Aanstellings geskied vir 'n minimum tydperk van een jaar en 'n maksimum tydperk van drie jaar.

#### **AANSTELLINGSPROSEDURE**

Alle sodanige aanstellings word via subkomitees hanteer na aanleiding van gemotiveerde voorleggings soos deur die betrokke Dekane aanbeveel, volgens dieselfde kriteria wat onderskeidelik van toepassing is op die aanstelling van professore, medeprofessore,

senior lektore en lektore op die Universiteit se diensvoorwaardes, en met inagneming van die akademiese insette wat gelewer word.

Die Rektor, ingevolge afhandelingsbevoegdheid verleen deur die Aanstellingskomitee (Senaat), oorweeg alle aanbevelings insake aanstellings en heraanstellings.

Vir die heraanstelling van 'n persoon as 'n buitengewone professor, medeprofessor, senior lektor of buitengewone lektor word gemotiveerde voorleggings deur Departementele Voorsitters/Hoofde en soos deur die betrokke Dekaan aanbeveel, direk en nie via 'n subkomitee nie, aan die Rektor voorgelê.

### **TITEL**

Die titel van Buitengewone Professor, Buitengewone Medeprofessor, Buitengewone Senior Lektor of Buitengewone Lektor verval na afloop van die aanstellingstydperk.

### **FAKULTEITSRAADLIDMAATSKAP**

'n Buitengewone professor, buitengewone medeprofessor, buitengewone senior lektor of buitengewone lektor kan deur die fakulteitsraad aangewys word as lid van die betrokke fakulteitsraad, met of sonder stemreg soos besluit deur die betrokke fakulteitsraad.

### **SENAATSLIDMAATSKAP**

'n Buitengewone professor of medeprofessor het nie sitting in die Senaat van die Universiteit nie.

### **VERGOEDING EN VOORDELE**

Buitengewone aanstellings ontvang normaalweg geen vergoeding nie, maar dit staan die betrokke fakulteit vry om 'n honorarium aan die kandidaat te oorweeg.

Indien buitengewone professore of buitengewone medeprofessore as promotors, studieleiers of eksaminatore vir doktors- of magisterstudie aangestel word, ontvang hulle die normale vergoeding vir persone van buite die Universiteit wat in enige van hierdie gevalle betaalbaar is.

## **PROFESSORALE INTREEREDE**

Daar word normaalweg nie van 'n buitengewone professor verwag om 'n professorale intreerede te lewer nie.

## **2. DIE AANSTELLING VAN EREPROFESSORE**

### **DOEL**

Die Universiteit kan werklik senior persone wat erkende gesaghebbendes is en wat op grond van hulle bewese akademiese status of vakkundigheid op 'n spesifieke beroepsterrein 'n akademiese bydrae op bepaalde studiegebiede kan lewer, as ereprofessore aanstel om hulle te vereer en hulle met die Universiteit te assosieer.

### **OPDRAG**

'n Ereprofessor hanteer normaalweg nie 'n deel van 'n akademiese program nie, maar lewer 'n akademiese bydrae soos ooreengekom met die Departementele Voorsitter of Dekaan.

### **AANSTELLINGSTERMYN**

Aanstellings geskied in persoonlike hoedanigheid op 'n deeltydse basis vir 'n spesifieke termyn.

### **AANSTELLINGSPROSEDURE**

Alle sodanige aanstellings word via subkomitees hanteer na aanleiding van gemotiveerde voorleggings soos deur die betrokke Dekane aanbeveel, met inagneming van die besondere vakkundigheid en akademiese statuur van die persone wat vir hierdie poste aanbeveel word.

Die Rektor, ingevolge afhandelingsbevoegdheid verleen deur die Aanstellingskomitee (Senaat) of ASK(S), oorweeg alle aanbevelings insake aanstellings en heraanstellings.

Vir die heraanstelling van 'n persoon as ereprofessor word gemotiveerde voorleggings deur Departementele Voorsitters/Hoofde en soos deur die betrokke Dekaan aanbeveel, direk en nie via 'n subkomitee nie, aan die Rektor voorgelê.

## **PROFESSORALE INTREEREDE**

Daar word normaalweg nie van 'n ereprofessor verwag om 'n professorale intreerede te lewer nie.

## **TITEL**

Die titel van Ereprofessor verval na afloop van die aanstellingstydperk.

## **FAKULTEITSRAAD-/SENAATSLIDMAATSKAP**

'n Ereprofessor is nie lid van die fakulteitsraad nie en het ook nie sitting in die Senaat van die Universiteit nie.

## **VERGOEDING EN VOORDELE**

'n Ereprofessor ontvang normaalweg geen vergoeding nie, maar dit staan die betrokke fakulteit vry om 'n honorarium aan die kandidaat te oorweeg.

### **3. DIE AANSTELLING VAN NAVORSINGSGENOTE**

#### **3.1 Strategiese uitgangspunte rakende navorsingsgenote**

Navorsingsgenote aan die US word gesien as 'n strategiese aanwinst wat die posisie van 'n organisatoriese eenheid<sup>1</sup> op 'n sekere navorsingsgebied versterk en uitbrei. Dit is 'n persoon van akademiese aansien wat, met die aanstelling as navorsingsgenoot, 'n formele affiliasie met die betrokke organisatoriese eenheid (OE) en die US betree, en wat toegang tot geselekteerde Universiteitsfasiliteite het. Dit is nie bedoel vir persone wat vir 'n kort periode of eenmalig die US besoek nie, maar waar daar 'n werklike en langer termyn navorsingsvennootskap gebou word. Die instelling van departementele navorsingsgenote staan in diens van die visie, missie en/of doelwitte van elke OE. Die OE moet dus die instelling van 'n navorsingsgenootskap as 'n strategiese instrument sien om sy visie, missie en/of doelwitte te realiseer.

#### **3.2 Benoeming en aanstelling van navorsingsgenote**

Navorsingsgenote is persone met bewese gespesialiseerde vakkundigheid wat by 'n organisatoriese eenheid (OE) inskakel op uitnodiging van die betrokke OE.

---

<sup>1</sup> Organisasoriese eenheid verwys na 'n akademiese departement of steundienste-afdeling

- 3.2.1 Behoorlik gemotiveerde nominasies moet deur 'n verteenwoordigende vergadering van die OE beoordeel word.
- 3.2.2 Indien bogenoemde verteenwoordigende liggaam die nominasie goedkeur, met aanbeveling van die Dekaan, sal die Viserektor (Navorsing) die aanbeveling oorweeg, waarna die OE die genomineerde kan uitnoui om as navorsingsgenoot in te skakel by die OE en volledige dokumentasie oor die genoot vir rekordhouding aan die Afdeling Navorsingsontwikkeling sal besorg.
- 3.2.3 Die Viserektor (Navorsing) sal, indien 'n bepaalde benoeming deur hom of haar goedgekeur is, die Afdeling Menslike Hulpbronne versoek om die navorsingsgenoot se affiliasie met die US te bevestig deur 'n amptelike aanstellingsbrief.
- 3.2.4 Sodanige aanstellings sal ook meegedeel word aan die ASK(S).
- 3.2.5 Die aanstelling geskied in 'n persoonlike hoedanigheid op 'n deeltydse basis vir 'n minimum termyn van een jaar en 'n maksimum termyn van drie jaar, met dien verstande dat die totale fisiese betrokkenheid van die navorsingsgenoot by die betrokke OE oor die tydperk normaalweg nie minder as twee maande sal wees nie.
- 3.2.6 Beide die navorsingsgenoot en die OE het die reg om die vennootskap te beëindig indien billike regverdiging daarvoor bestaan.
- 3.2.7 Voortsetting van die aanstelling aan die einde van die termyn moet deur die Viserektor (Navorsing) oorweeg word en aan die ASK(S) meegedeel word.

#### **4. DIE DOEL MET 'N NAVORSINGSGENOOT**

Die OE sal sodanig genomineerde en goedgekeurde persone uitnoui om by die OE in te skakel in die hoedanigheid van 'n navorsingsgenoot met die doel om:

- 4.1 Die kwaliteit en kwantiteit van basiese en toegepaste (praktykgerigte) navorsingsuitsette van die OE (in die vorm van publikasies in geakkrediteerde vaktydskrifte, referate by nasionale en internasionale vakkongresse, magistertesisse en doktrale proefskrifte) aan te moedig en te verhoog.

- 4.2 'n Navorsingskultuur en netwerke in die OE te help vestig en uit te bou.
- 4.3 Belangstellende persone vanuit die gemeenskap met geskikte ervaring en opleiding die geleentheid te bied om deur middel van navorsing 'n bydrae tot die spesifieke vakgebied te maak.
- 4.4 Die OE se studieleidingskapasiteit uit te bou.

## 5. **OMSKRYWING VAN DIE WERKSTERREIN VAN 'N NAVORSINGSGENOOT**

Die werksterrein van 'n genoot kan as volg omskryf word:

- 5.1 Gehaltenavorsing binne bepaalde afdelings van die vakgebied.
- 5.2 Ten opsigte van (a) kan die navorsingsgenoot individueel of as medenavorser en/of medeouteur met ander personeel of navorsingsgenote optree.
- 5.3 Wanneer so versoek en ooreengekom kan die navorsingsgenoot optree as studieleier of medestudieleier van nagraadse studente.
- 5.4 Die navorsingsgenoot kan as klankbord, veral ten opsigte van praktykgerigte aspekte en vir nagraadse studente beskikbaar wees.
- 5.5 Die navorsingsgenoot sal, in oorleg met die departementele voorsitter/OE-hoof, sy/haar eie uitsetdoelwitte en omvang van betrokkenheid bepaal, onderhewig aan die minimum vereistes soos vervat in paragraaf 6.2.

## 6. **ALGEMENE BEPALINGS TOV 'N NAVORSINGSGENOOTSKAP**

Die volgende bepalings en riglyne sal in die algemeen die verhouding tussen die OE en die navorsingsgenoot reguleer:

- 6.1 Die betrokke OE onderneem die volgende:
  - 6.1.1 Om die betrokke navorsingsgenoot, afhangend van die termyn en soos onderhandel met die betrokke gasheer, te voorsien van die nodige infrastruktuur ter ondersteuning van die verrigting van sy of haar funksies soos ooreengekom.

- 6.1.2 Om 'n geskikte personeellid aan te wys as gasheer vir elke navorsingsgenoot. Die keuse van so 'n gasheer sal afhang van die betrokke navorsingsgenoot se navorsingbelangstellingsveld(e). Die rol van die gasheer sluit in:
- Verleen hulp en advies tov navorsingspraktyke en vereistes van die OE.
  - Verleen hulp met die koördinering van die navorsingsgenoot se navorsingswerk binne die OE.
  - Verleen hulp met administratiewe knelpunte.
  - Verleen hulp met inskakeling by die personeel en kultuur van die OE.
  - Reël bywoning van toepaslike akademiese besprekings.
- 6.1.3 Navorsingsgenote ontvang normaalweg geen vergoeding of byvoordele nie, maar dit staan die betrokke omgewing vry om 'n honorarium te oorweeg soos onderhandel met die betrokke gasheer en hoof van die OE.
- 6.1.4 Indien navorsingsgenote as promotors, studieleiers of eksaminatore vir doktors- of magisterstudie aangestel word, ontvang hulle die normale vergoeding vir persone van buite die Universiteit wat in enige van hierdie gevalle betaalbaar is.
- 6.2 Die **navorsingsgenoot** onderneem die volgende:
- 6.2.1 Om sodanige teenwoordigheid in die OE te handhaaf dat:
- 'n Duidelike navorsingsaktiwiteit met uitsette wat onder die naam van die US gepubliseer word, in die OE geskep word.
  - Redelike kontakgeleenthede bestaan vir nagraadse studente wat die navorsingsgenoot as klankbord/hulpbron wil gebruik.
  - Redelike gespreksgeleenthede bestaan vir nagraadse studente vir wie die navorsingsgenoot as studieleier/medestudieleier optree.
  - Redelike geleenthede bestaan vir interaksie met die personeel van die OE.
- 6.2.2 Om te verseker dat sy of haar navorsing gekoördineer is met die ander navorsingsaktiwiteite wat binne die OE plaasvind. Die toegewysde gasheer sal hiermee behulpsaam wees.
- 6.2.3 Om self te reël vir borgskappe en/of aansoek te doen by navorsingsfinansieringsinstansies (tov laasgenoemde kan die gasheer om hulp

genader word), indien navorsingsfondse vir die voorgenome navorsingsprojek benodig word. Kontraktuele bepalinge gekoppel aan navorsingsfondse moet voorsiening maak vir die beëindiging van die genootskap op 'n wyse wat die OE aanvaarbaar vind.

6.2.4 Om die resultate van sy of haar navorsing in geakkrediteerde vaktydskrifte te publiseer en dit by vakkongresse te lewer.

6.3 Binne die raamwerk van bogenoemde riglyne het die navorsingsgenoot volle vryheid tov navorsingsinisiatiewe en prosesse, op voorwaarde dat dit aan die vereistes vir navorsingstandaarde van die OE en die jaarboekbepalinge van die US voldoen. Vir die doel moet met die gasheer oorleg gepleeg word wanneer nodig.

6.4 Die voorsitter van die departement/hoof van die OE het die reg om publikasie/eksterne aanbieding van resultate terug te verwys na die navorsingsgenoot.

## **7. PUBLIKASIES VAN NAVORSINGSGENOTE IN AFFILIASIE MET DIE US**

Een van die vereistes vir 'n navorsingsgenoot is om by te dra tot die navorsingsuitsette van die OE waarmee hy of sy 'n verbintenis het. Die volgende reëls is van toepassing indien die genoemde OE hierdie publikasies wil rapporteer en voorlê vir subsidie by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding:

7.1 Die affiliasie van die navorsingsgenoot met die US MOET in die publikasie vermeld word, selfs al geskied dit in die vorm van 'n sekondêre adres of voetnota.

7.2 Die navorsingsgenoot se affiliasie met die US moet bevestig word deur 'n amptelike aanstellingsbrief van die Afdeling Menslike Hulpbronne.

7.3 Navorsingsgenote kan nie outomaties aanspraak maak op SOS-fondse nie en afsonderlike reëlins, wat deur die betrokke departementele voorsitter/hoof van die OE toegepas word, geld hier.

7.4 Indien navorsingsgenote wel toegang het tot SOS-fondse, moet dit steeds aangewend word binne die gewone reëls en reglemente wat hiervoor geld.



8. **AANSTELLING AS 'N NAVORSINGSGENOOT AAN DIE US BEHELDS DUS DIE VOLGENDE:**

- 8.1 Die navorsingsgenoot behoort toegang te kry tot 'n US-nommer en -kaart as 'n tydelike buitegebruiker, dws vir die duur van die genootskap. Dit behels onder meer die gerief om bv. die kaart te kan laai vir die maak van fotokopieë, asook vir toegang tot die biblioteek.
- 8.2 Die navorsingsgenoot kan biblioteekboeke uitneem op dieselfde voorwaardes as doktrale studente.
- 8.3 Die navorsingsgenoot kan, met goedkeuring van en onderhandeling met die voorsitter van die betrokke departement/hoof van die OE, toegang kry tot publikasiesubsidie wat verdien is met artikels wat die navorsingsgenoot in die vakgebied onder die adres van die Universiteit in geakkrediteerde tydskrifte gepubliseer het. Met hierdie fondse kan verdere navorsing onderneem word. Navorsingsgenote het egter nie outomaties aanspraak op hierdie fondse nie. Die akademiese departement/OE sou ook ten aanvang van die genootskap bepaalde ondersteuning vir navorsing kon gee.
- 8.4 Die navorsingsgenoot kan in samewerking met die vakgebied in aanmerking kom om aansoek te doen vir buitebefondsing met die oog op navorsing by instansies wat nie vereis dat die aansoeker in die US se diens moet wees nie.

**OPSOMMING VAN VERSKILLENDE Tipes AANSTELLINGS**

<b>DOEL</b>	<b>BUITENGEWONE AANSTELLINGS</b>	<b>EREPROFESSORE</b>	<b>NAVORSINGS-GENOTE</b>
	<p>Om persone met bewese gespesialiseerde kundigheid/hoë professionele en vakkundige status, wat nie op die diensvoorwaardes en betaalstaat van die Universiteit is nie, of nie formeel as gesamentlike personeel op die diensstaat van 'n vennootwerkgewer aangestel is nie, in hulle persoonlike hoedanigheid aan te stel om aan hulle erkenning te verleen en hulle by die akademiese programme van die departemente/ fakulteite te betrek.</p>	<p>Om werklik senior persone wat erkende gesaghebbendes is en wat op grond van hulle bewese akademiese status of vakkundigheid op 'n spesifieke beroepsterrein 'n akademiese bydrae op bepaalde studiegebiede kan lewer, as Ereprofessore aan te stel om hulle te vereer en hulle met die Universiteit te assosieer.</p>	<p>a) Om die kwaliteit en kwantiteit van basiese en toegepaste (praktykgerigte) navorsingsuitsette te aan te moedig en te verhoog</p> <p>b) Om 'n navorsingskultuur en netwerke in die OE te help vestig en uit te bou</p> <p>c) Om deur middel van navorsing 'n bydrae tot die spesifieke vakgebied te maak</p> <p>d) Om die OE se studieleidingskapasiteit uit te bou</p>
<b>TERMYN</b>	<p>'n Minimum tydperk van een jaar en 'n maksimum tydperk van drie jaar met moontlike heraanstelling vir verdere termyne.</p>	<p>'n Minimum tydperk van een jaar en 'n maksimum tydperk van drie jaar met moontlike heraanstelling vir verdere termyne.</p>	<p>'n Minimum tydperk van een jaar en 'n maksimum tydperk van drie jaar met moontlike heraanstelling vir verdere termyne.</p>

<b>DOEL</b>	<b>BUITENGEWONE AANSTELLINGS</b>	<b>EREPROFESSORE</b>	<b>NAVORSINGS-GENOTE</b>
<b>AANSTELLINGS-PROSEDURE</b>	<p>Alle sodanige aanstellings word via subkomitees hanteer na aanleiding van gemotiveerde voorleggings soos deur die betrokke Dekane aanbeveel, volgens dieselfde kriteria wat onderskeidelik van toepassing is op die aanstelling van professore, medeprofessore, senior lektore en lektore op die Universiteit se diensvoorwaardes, en met inagneming van die akademiese insette wat gelewer word.</p> <p>Die Rektor, ingevolge afhandelingsbevoegdheid verleen deur die Aanstellingskomitee (Senaat), oorweeg alle aanbevelings insake aanstellings en heraanstellings.</p>	<p>Alle sodanige aanstellings word via subkomitees hanteer na aanleiding van gemotiveerde voorleggings soos deur die betrokke Dekane aanbeveel, met inagneming van die besondere vakkundigheid en akademiese statuur van die persone wat vir hierdie poste aanbeveel word.</p> <p>Die Rektor, ingevolge afhandelingsbevoegdheid verleen deur die Aanstellingskomitee (Senaat), oorweeg alle aanbevelings insake aanstellings en heraanstellings.</p>	<p>Behoorlik gemotiveerde nominasies moet deur 'n verteenwoordigende vergadering van die OE beoordeel word.</p> <p>Die Viserektor (Navorsing) oorweeg die aanbeveling insake aanstelling en heraanstelling op aanbeveling van die Dekaan.</p>
<b>FAKULTEITS-RAADS-LIDMAATSKAP</b>	<p>Kan deur die fakulteitsraad aangewys word as lid van die betrokke fakulteitsraad, met of sonder stemreg soos besluit deur die betrokke fakulteitsraad.</p>	Nee	Nee

<b>DOEL</b>	<b>BUITENGEWONE AANSTELLINGS</b>	<b>EREPROFESSORE</b>	<b>NAVORSINGS-GENOTE</b>
<b>SENAATS-LIDMAATSKAP</b>	Nee	Nee	Nee
<b>VERGOEDING EN VOORDELE</b>	<p>Normaalweg geen vergoeding nie, maar dit staan die betrokke fakulteit vry om 'n honorarium aan die kandidaat te oorweeg.</p> <p>Indien buitengewone professore of buitengewone medeprofessore as promotors, studieleiers of eksaminatore vir doktors- of magisterstudie aangestel word, ontvang hulle die normale vergoeding vir persone van buite die Universiteit wat in enige van hierdie gevalle betaalbaar is.</p>	<p>Normaalweg geen vergoeding nie, maar dit staan die betrokke fakulteit vry om 'n honorarium aan die kandidaat te oorweeg.</p>	<p>Normaalweg geen vergoeding nie, maar dit staan die betrokke OE vry om 'n honorarium te oorweeg soos onderhandel met die betrokke gasheer en Voorsitter van die Departement/OE-hoof.</p> <p>Indien navorsingsgenote as promotors, studieleiers of eksaminatore vir doktors- of magisterstudie aangestel word, ontvang hulle die normale vergoeding vir persone van buite die Universiteit wat in enige van hierdie gevalle betaalbaar is.</p>